12 Junie 2019

NUUSBRIEF 3/2019

Geagte Ouers

Aan die einde van ‘n baie bedrywige en suksesvolle kwartaal, wil ek en die personeel alle ouers van harte bedank vir u getroue ondersteuning en samewerking:

1. RAPPORTE EN OUERAAND

Leerlinge het gister, 11 Junie 2019, hul rapporte ontvang. ‘n Oueraand is geskeduleer vir vandag, 12 Junie 2019 om 17:00 tot 18:00. Tydens hierdie oueraand sal ons graag alle ouers waarvan die kinders op druiping afstuur of wat onderpresteer, wil spreek.

2. PROVINSIALE RUGBY-, NETBAL- EN HOKKIETOERNOOIE

Verskeie leerders en personeellede neem gedurende die skoolvakansie aan verskillende Provinsiale toernooie deel. Ons is trots op elkeen van hulle en wens hul baie sterkte toe met hul deelname. Ons weet dat hulle ook daar Laerskool Thabazimbi se naam sal uitdra.

3. HOKKIE- EN KRIEKETKLINIEKE

Verskeie van ons hokkie- en krieketspanne woon gedurende die vakansie klinieke by. Ons hoop en vertrou dat al die spelers en afrigters dit sal geniet en baie baat sal vind daarby.

4. SKOOLSLUITING

Die skool sluit Vrydag, 14 Junie 2019 om 11:30 en heropen weer op Dinsdag, 9 Julie 2019 om 07:15. Leerlinge mag Vrydag met gewone klere skool toe kom teen R5.

5. PERSONEEL WAT ONS VERLAAT

Ons groet Vrydag vir me Marlize Joubert wat vir die afgelope 6 jaar en 6 maande verbonde was aan ons skool. Ons wens haar voorspoed toe op haar nuwe lewenspad en vertrou dat sy baie gelukkig sal wees in haar nuwe omgewing.

Ek hoop en vertrou dat die personeel en leerlinge heerlik sal uitrus, want ‘n baie besige derde kwartaal lê voor.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF